Tzaneen

Tzaneen kom van die Sotho-woord "Tsanong". Losweg vertaal beteken dit "plek waar mense vergader". Vroeë Duitse kartograwe het die klank "ts", soos in "Tsanong", opgeteken as "tz" soos in "Tzaneen". Die dorp is aan die voet van die indrukwekkende Wolkberg aan die noordelike deel van die Drakensberge in die provinsie Limpopo geleë. Dis 'n aantreklike subtropiese tuindorp met 'n oorvloed van kleurryke inheemse en eksotiese plante. Net meeì alles groei hier sonder perke – neute, avokadopere, mangos, piesangs, lietsjies, koffie, tee en katoen. Daar is ook baie om hier te doen: besoek argeologiese stutte, gaan kyk na die grootste kremetartboom in die land, maak 'n draai by die natuurreservate en loer in by die Tzaneen-museum, waar volkekundige artefakte uitgestal word. Of jy kan die plaaslike derby tussen die skole Ben Vorster en Merensky bywoon.

Hoërskool Ben Vorster

STIGTINGSDATUM: 1962
LEUSE: STRY TOT OOR OORWINNING
ADRES: GRENSSTRAAT 1, TZANEEN
WWW.BENVORSTER.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Daar is reeds in 1951 in beginsel besluit dat Tzaneen nog 'n hoërskool moet hê, maar die Transvaalse Onderwysdepartement het gevoel Hoërskool Merensky toon nie genoeg groei om nog 'n skool te regverdig nie. Ben Vorster, 'n boer en sakeman van die area, het hom vir die saak beywer, en toe hy in 1954 as lid van die Provinsiale Raad van Transvaal gekies is, kon hy die nodige toutjies trek. Die skool het 29 Januarie 1962 oopgemaak as Hoërskool Tzaneen, maar is 'n jaar later vernoem na Ben Vorster. 'n Jaar daarna is die rugbyveld ingelyf met 'n wedstryd teen Monument Hoër van Krugersdorp. Ben Vorster het tot almal se verbasing met 29-3 gewen.

Rugby op Ben Vorster

Hoewel Tzaneen ver van groter rugbysentra in Suid-Afrika geleë is, ly hy nie gebrek aan uitmuntende en geesdriftige rugby nie. Ben Vorster het oor die jare buitengewoon goeie spanne opgelewer wat met enige ander span kon meeding. Daar is 'n string prestasies. In 1969 was hy die provinsiale wenner en kwarteindfinaliste om die Direkteurstrofee. In 1987 was Ben Vorster weer die provinsiale wenner en het hy die semifinaal van die Direkteurstrofee bereik. Sedert 2004 het die skool by uitstek sterk spanne gehad. Hy het die provinsiale liga in 2004, 2006 en 2007 gewen, en die Beeldtrofee-kwarteind in 2004, 2005 en 2007 bereik. In 2006 het Ben Vorster die
Beeldtrofee vir medium-skole met Merensky gedeel, maar moes van 2007 in die afdeling vir groot skole meeding. Alec Mhlanga en Trevor Nyakane is in 2007 vir die SA Akademiespan gekies. Albei spelers, asook Glen Mafumo en Patrick Oosthuizen, is tans by die Cheetahs gekontrakteer. In die laaste vier jaar tot 2007 is 24 spelers vir die Cravenweek gekies, waar Kallie Erasmus en Eugene Pohl kapteins was. André Hay het die eerste span sedert 2000 afgerig.

"In 2002 het Ben Vorster-breiers my op Laerskool Gravelot sien speel en ek het daardie jaar ook die o.13-span vir die Cravenweek gehaal. Toe is ek 'n beurs by die Hoërskool Ben Vorster aangebied. Rugby was destyds nie juis vir my belangrik nie, maar toe ek by my nuwe skool opdaag, was dit 'n ander storie! Die skool het net soveel meer klem op rugby geplaas, van afrigting tot tradisies. Ek wou vir die eerste span speel, en het daarin geslaag. By terugblik was die skuif na Ben Vorster die regte een, 'n besluit wat my toekoms bepaal het."

— Alec Mhlanga
(2006-7, SA Akademie, Cheetahs)

"André Hay was werklik betrokke by my rugby en het my gehelp tot waar ek vandag is. Toe ek by Hentie Celliers in my std 9 jaar was, het André my gevra of ek belangstel om ter wille van my rugbyloopbaan na Limpopo terug te keer. Dit was inderdaad 'n wyse besluit, want ek het Limpopo se Cravenweekspan gehaal, en daarna vir die Valke gespeel. Nadat ek die Valke op o.19- en o.21-vlak aangevoer het, is ek nou by die Cheetahs. André is 'n uitstekende en wyse breier. Hy weet hoe om met die spelers te werk, en dis grootliks deur sy toedoen dat drie ander oudleerlinge ook by die Cheetahs is."

— Patrick Oosthuizen (2005, Cheetahs)

"Ek was nooit eintlik 'n besonder sportiewe mens nie, maar dit het gou verander toe ek by Ben Vorster opdaag. Ek het my op rugby toegelê en die skool het my die geleentheid gebied om na die Grant Khomo-week en die Cravenweek te gaan asook om SA Akademie te verteenwoordig. Ek is my loopbaan in rugby aan Ben Vorster te danke. Die groot gebeurtenis van die jaar is die derby teen Merensky. Ben Vorster is reg in die middel van Tzaneen, en Merensky net op die buiterand. Dis 'n tipiese plaaslike derby waar die uitslag al is wat tel. Die wedstryd word gekenmerk deur 'n lekker atmosfeer, met vleisbraaiery en 'n gekuier op die Vrydag, en rasies en skare by die kragmeting."

— Trevor Nyakane
(2005-7, SA Akademie, Cheetahs)

"Merensky het in 2006 'n goeie span gehad. Ons het oor die jare die oorhand gehad, maar daardie jaar het ons 'n vroeë wedstryd verloor en was ons vasbeslote om te wen. Hulle het 'n paar goeie uitslae agter die rug gehad. Dit was 'n strawwe, fisieke wedstryd. Die telling was gelykop en die trofee moes gedeel word. Die geleentheid was spesiaal – veral vir iemand met my agtergrond. Ek was van 'n swart skool wat geen sport aangebied het nie, en die naaste wat ek aan rugby gekom het, was op die televisie. Dis ongelooflik hoe Ben Vorster my toekoms bepaal het. "

— Glen Mafumo
(2005-7, @tlantic 7s-span na Doebai, Cheetahs)